# 2023

## DIE JAAR VAN…

# JOU BESLUIT

**Job 22:28 (AFR)**
Besluit jy iets, dan kom dit tot stand; en oor jou weë skyn 'n lig.

**Job 22:28 (KJV)**
Thou shalt also decree a thing, and it shall be established unto thee: and the light shall shine upon thy ways.

- Afrikaans: Besluit
- KJV / AMP: Decree
  Beveel
  Verordeneer – wettige bevel
- Jy besluit – dan skep jy wat jy besluit het deur woorde – "beveel"

# 2023 – JAAR VAN LIEFDE

**Matt 22:37-40**

**37** En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.

**38** Dit is die eerste en groot gebod.

**39** En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

**40** Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.

- God lief te hê.
- Naaste lief te hê.
- Jouself lief te hê.

Vervang die hele wet.
Opdrag van God.

# DIE VOLGORDE
## 1. God lief te hê

- Moet eers 'n openbaring kry van hoe lief God jou het!!

**1 Joh 4:19-21**

**19** Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.

**20** As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?

**21** En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê.

**Eff 3:18-19**

**18** en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is,

**19** en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.

# DIE VOLGORDE
## 2. Naaste liefhê

- Moet eers leer om jouself lief te hê = ID
- Hoe jy jouself sien = hoe jy ander sien
- Hoe jy oor jouself voel = hoe jy oor ander voel

**Joh 13:34 (AMP)**

I give you a new commandment: that you should love one another. Just as I have loved you, so you too should love one another.

# DIE VOLGORDE
## 3. Jouself lief te hê

- Jy kan nie jouself liefhê as jy nie jou identiteit in Christus verstaan nie.
- Jy kry jouself lief as jy jouself sien soos Christus jou sien.

# VOLGORDE IS. . .

1. Aanvaar God se liefde vir jou deur geloof.
2. Gevolg – Jou liefde vir God neem toe – groei.
3. Kry jouself lief – deur jou ID in Christus te verstaan.
4. Gevolg: Kry jou naaste lief omdat jy jouself liefhet.

# GELOWIGE SE HOOGSTE PRIORITEIT

**1 Kor 13:1-3**

**1** Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het
nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n
luidende simbaal geword.
**2** En al sou ek die gawe van profesie hê en al die
geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof
hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan
sou ek niks wees nie.
**3** En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam
oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan
sou dit my niks baat nie.

**1 Kor 13:13**

En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.

# LIEFDE IS 'N UITERLIKE TEKEN VAN KINDSKAP

**Joh 13:34-35**

**34** 'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.

**35** Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.

**1 Joh 3:10**

Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie.

**1 Joh 4:20-21**

**20** As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?

**21** En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê.

# ELKE GELOWIGE BESIT LIEFDE

**Rom 5:5**

En die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

**Gal 5:22**

Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

- In ons: Dormant / passief
  Moet vrygestel word – uitgeleef word

# LIEFDE IS DIE HOOGSTE VORM VAN EVANGELISASIE

**Joh 17:21**

Dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

**Hand 2:42-47**

**42** En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.

**43** En vrees het op elkeen gekom, en baie wonders en tekens het deur die apostels plaasgevind.

**44** En almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het alles gemeenskaplik besit.

# LIEFDE IS DIE HOOGSTE VORM VAN EVANGELISASIE

**45** En hulle eiendomme en besittings het hulle verkoop en die opbrings onder almal verdeel, volgens wat elkeen nodig gehad het.

**46** En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet,

**47** terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is.

- Voordat die wêreld hoor, moet hulle kan sien.
- Christus se liefde in ons kan sien.
- Liefde = magneet wat mense na Christus trek.

# GOEIE NUUS

- Liefde kan toeneem in my lewe.

**Fil 1:9**

En dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring.

# TOEPASSING

1. Gaan doelbewus uit jou pad om liefde aan iemand te wys.

   <u>Voorbeeld</u>: Vriendelikheid / goeie daad / vrygewigheid / opbouende woorde / bemoediging ens.

2. Van uitstel – afstel

   Begin nou - doelbewus